higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

DAGSORGBESTUUR N6

(4110396)

8 Junie 2021 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

249Q1J2108

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
DAGSORGBESTUUR N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Kies ’n beskrywing uit KOLOM B om by ’n woord of term in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1	Subsidie	A	bied die wetsraamwerk waarvolgens persone van geboorte tot 18 jaar beskerm word
1.2	Vermaering	B	tekort aan vitamien D in die dieet
1.3	Kosallergie	C	beskerm die werkgewer teen enige eise deur die werknemer vir beserings terwyl hy/sy aan diens was
1.4	Wet op Fondsinsameling, Wet 107 van 1978	D	persoonlike beserings deur die publiek opgedoen
1.5	Ragitis	E	bestaan hoofsaaklik uit water en meel sonder enige voedingswaarde
1.6	Wet op Kindersorg, Wet 74 van 1983	F	gebruik slegs genoeg om smaak by kos te voeg; te veel lei tot tandbederf en oorgewig onder kinders
1.7	Vergoeding vir beroepsbeserings/-siektes	G	rooi koskleursel en preserveermiddels
1.8	Openbare aanspreeklikheid	H	tekort aan proteïen en kilojoules
1.9	Suiker	I	finansiële hulp aan geregistreerde welsynsorganisasies of nutsmaatskappye
1.10	Vleissous	J	maak voorsiening vir beheer van die insameling van publiek se bydraes

(10 × 2) **[20]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1 Dagsorgfasiliteerders ("Educarers") moet ouers aanmoedig om vir hul kinders vars vrugte as peuselhappies te gee.

2.2 'n Spyskaart is nie 'n lys disse en bygeregte nie en word nie in 'n spesifieke volgorde bedien nie.

2.3 Kook groente vir die kortste moontlike tydperk in so min water as moontlik.

2.4 Voeg koeksoda by kookwater om die kleur van groen groente te behou.

2.5 Skil groente en vrugte net voordat jy dit gaan gebruik, want as dit vir lang tydperke in water geweek word, sal die vitamieninhoud toeneem.

2.6 Kinders is lief vir pasteie en skyfies, daarom moet dit by die spyskaart gevoeg word.

2.7 Verwyder alle sigbare vet van vleis voor dit gaargemaak word.

2.8 Eet wit vis eerder as sardyne.

2.9 Gebruik vars vrugte eerder as ingelegte vrugte vir nagereg.

2.10 Voeg eenvoudige, bekende kos wat kinders sal geniet by die spyskaart.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings deur slegs die term langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

3.1 'n Reeks spyskaarte wat saamgestel, neergeskryf en gebruik word en oor 'n tydperk van drie tot vyf weke afgewissel word

3.2 'n Mens se liggaam reageer, soms met geweld, op die stof wat dit nie kan hanteer nie

3.3 As jy by 'n winkel instap en op 'n nat vloer gly en jouself beseer, en die winkel het nie enige waarskuwingstekens oor nat vloere aangebring nie

3.4 Die dagsorgsentrum beplan 'n spesiale gesinsgeleentheid: 'n 'Bring en Braai'

3.5 'n Dokument waarin die pligte, verantwoordelikhede, werkstoestande en postitel gestipuleer word

Kopiereg voorbehou

3.6 Stelsel wat gebruik word om ’n werknemer te evalueer om voortrekkery en onbillikheid ten opsigte van die werknemer se waarde uit te skakel

3.7 Die proses vir die beplanning en uitvoer van beheer oor tyd wat aan aktiwiteite bestee word

3.8 Slegs ’n lid in ’n raadgewende hoedanigheid en kan nie stem nie

3.9 Hierdie lede vorm die uitvoerende raad en het die reg om besluite te neem sonder om ’n volledige vergadering van die bestuurskomitee te belê

3.10 Die daad waardeur ’n taak wat jou frustreer doelbewus uitgestel of vermy word (10 × 2) **[20]**

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 4

4.1 Watter belangrike faktore moet in gedagte gehou word wanneer jy ’n spyskaart vir ’n dagsorgsentrum beplan? (10)

4.2 Gee VYF riglyne vir die behoud van vitamiene in kos. (5)

4.3 Bespreek VYF voordele van die spyskaartsiklus. (5)

4.4 Hoe sal die dagsorgfasiliteerder bystand gee wanneer maaltye aan kleuters by ’n dagsorgsentrum bedien word? (10)

4.5 Wat is die eienskappe van ’n doeltreffende boekhoustelsel? (5)

4.6 Noem DRIE voorbeelde van brondokumente. (3)

4.7 Noem TWEE boekhoumetodes. (2)

4.8 Watter voordele word deur die Werkloosheidsversekeringsfonds (‘UIF’) uitbetaal? (3)

4.9 Noem DRIE voorbeelde van fondsinsameling by ’n dagsorgsentrum. (3)

4.10 Identifiseer VIER soorte befondsing wat ’n dagsorgsentrum kan ontvang. (4)
[50]

VRAAG 5

5.1 Wat is die rol van skoolhoofde by dagsorgsentrums? (5)

5.2 Bespreek die pligte van skoolhoofde by dagsorgsentrums. (10)

5.3 Wat is die doel van ’n posbeskrywing? (5)

Kopiereg voorbehou

5.4 Pensioenskemas hou verskeie voordele in.

Noem VYF. (5)

5.5 Wat is die voordele van tydbestuur? (5)

5.6 Identifiseer VIER nuttige tydbestuurstegnieke. (4)

5.7 Noem SEWE maniere waarop konflik hanteer kan word. (7)

5.8 Jy vind dat jy nie stresvolle situasies in jou lewe kan hanteer nie.

Noem VYF aspekte waarop jy kan fokus om stres doeltreffend te hanteer. (5)

5.9 Identifiseer VIER negatiewe gevolge van stres vir jou liggaam. (4)
[50]

VRAAG 6

6.1 Wat is die tesourier se verantwoordelikhede? (5)

6.2 ’n Aantal bestuurstake is onderling afhanklik.

Noem die VYF bestuurstake wat saam funksioneer om werklik suksesvol te kan wees. (5)

6.3 Die kinders by die dagsorgsentrum is gereed om die toilet te leer gebruik.

Wat is die belangrike faktore wat die dagsorgfasiliteerder in ag moet neem? (10)

6.4 Wat moet die dagsorgfasiliteerder doen wanneer ’n kind aan skok ly? (10)

6.5 Bespreek die voorsorgmaatreëls wat geneem moet word om vergiftiging van kinders te verhoed. (5 × 2) (10)

6.6 Die doel van padveiligheid is om kinders bewus te maak van die gevare op die pad en hulle te leer om die pad veilig oor te steek.

Verduidelik hoe jy hulle sou leer om die pad veilig oor te steek. (5)

6.7 Noem VYF items in ’n noodhulpkissie. (5)
[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou